LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

06-05-2019

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 16 VIR 2019

LEES ASB. SAAM MET KWARTAALPROGRAM



1 MINI-NETBAL:

Geen oefening vir die week nie. Ons speel vandag by Laerskool Voorwaarts.

2 NETBAL:

- Oefening is normaal op Maandag.
- Dinsdag en Donderdag speel ons wedstryde tuis.

3 KOOR:

- Kooroefening vir die Juniors op Maandag.

4 SIMFONIA JUVENTI:

Al die leerders gaan op Vrydag, 10 Mei 2019 na Simfonia Juventi by Hoër Volkskool luister. Leerders ontvang elkeen 'n toestemmingsbrief wat voor of op Donderdag by die registeronderwysers ingehandig moet word.

5 RUGBY:

- Bulletjie rugby oefen NET Maandag vanaf 17:00 - 18:00.
- Dinsdag - wedstryd tuis vir 0/9 - 0/13A teen Laerskool DF Malherbe.
- Geen wedstryde vir 0/9B en 3de span dié week teen Laerskool Hannes Visagie nie.
- Baie geluk aan Marcel Coetzee en Christopher Makgoane wat Valke laerskoolspan gehaal het.

6 SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD

Suikerbosrand se eerste gedeelte vind plaas op 27-30 Mei asook op 3-7 Junie 2019.
Inskrywings het reeds gesluit op 1 Mei 2019.

7 *HEIDELBERG EISTEDDFOD:*

… vind plaas vanaf 15-27 Julie 2019. Inskrywings beskikbaar by Juf. Madeleine vir almal en sluit op 31 Mei 2019. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie. Inskrywings, met die korrekte bedrag per item in 'n koevert, word in die finansieskantoor in 'n boks ingehandig. Elektroniese inbetalings kan ook gedoen word: Heidelberg Eisteddfod - Rek nr.: 335893724 - Standardbank - Heidelbergtak

8 REVUE 2019:

- Revue vind vanjaar plaas op 14-18 Oktober 2019.
- Koste per leerder -R200 - moet teen 14 Junie 2019 inbetaal wees.
- Die toestemmingsbriewe moes reeds in gewees het.

9 VOLKIE-DRAMAKLUB:

Dié dramaklub is slegs vir Graad 4-7 leerders. Inskrywingsvorms is by Juf. Madeleine.
Ons volgende kontaksessie is op: 15 Mei; 29 Mei; 5 Junie en 12 Junie.

10 SKOOLKLERE:

- Ouers word versoek om asb. die kinders se klere DUIDELIK te merk.
- Amptelike wintersdrag is vanaf Donderdag, 2 Mei 2019.
  ** Sien **Klerereëls - oorwegend wit tekkies** **

11 GRAAD 1/2020 AANLYN-REGISTRASIE:

- Registrasie open op 13 Mei 2019 om 08:00 die oggend.
- Daar sal vanaf 07:00 koffie en beskuit beskikbaar wees in die saal.
- Rekenaarstasies en hulp vir ouers sal beskikbaar wees in die skoolsaal.
- Alle dokumentasie soos gevra, moet aangeheg wees.

12 "S P R E E K K O O R":

Belangrike oefening - vir Eisteddfod - Juf. Monica se klas. Almal moet daar wees.

13 LEIERS:

Graad 7 leieropleiding op Vrydag, 10 Mei vanaf 13:30 tot 15:30 in die mediasentrum.

14 WILDSFEES:

Wildsfees vanjaar is op Saterdag, 1 Junie 2019 vanaf 17:00 tot laat. Kom kuier asb. saam by hierdie gesellige aand.

- Kaartjies is R250 vir volwassenes en hoërskool leerders en R125 vir laerskool leerders.
- Kaartjies sluit in 'n heerlike Spitbraai asook 'n wildsvleis proe-tent.
- Jagpakkette lyste moet terug kom skool toe voor of op 27 Mei 2019.
- Groot pryse om te wen vir die leerder en klas wat die meeste jag-kaartjies verkoop.
- Trekking vind plaas tydens Wildsfees.

15 SKAAK:



Geluk aan al ons Volkies wat Saterdag by Midvaal deelgeneem het aan die D7 Individuele kampioenskappe. Die volgende leerders neem op 24 Mei deel aan die Gauteng Individuele kampioenskappe: Anika Coetzee, Roxanne Roos, Danielle de Villiers, Eckhard de Rouwe, Kian Vorster, Div Huisamen, Brandt Huisamen en Gerrit Henken.

16 ✏HERREGISTRASIE VIR 2020:

✎Volgens die Onderwyswet moet al ons reeds ingeskrewe leerders van Gr 2-6, herregistreer vir 2020 voor 17 Mei 2019. Kontroleer asb. die LEERDER en OUER BESONDERHEDE wat elke leerder ontvang, teken aan die onderkant en stuur vir ons terug na die registerklas voor Donderdag, 16 Mei 2019.

17 BEDIENING AAN STRAATMENSE IN HEIDELBERG (VERSOEK VANAF KLIPKERK)

Ouers word versoek om asb. hierdie projek van Klipkerk en Lesedi Care Centre te ondersteun!

- Daar is Maandae tot Vrydae tussen 10:00 en 11:00 en 16:00 twee kospunte (Anglikaanse kerk, h/v Marais en Voortrekkerstraat en by die Klipkerk) waar die straatbedelaars iets te ete kan kry.
- ***Moet asb. nie vir hulle geld gee nie!***

(Don't give them money, give them directions)

- Hierdie gelde gebruik hulle uitsluitlik vir dwelms en drank - ons wil help om dit te bekamp!
- Kontakpersoon by Lesedi Care Centre is Jaco Kritzinger 0100070881/0725750081 en by die Klipkerk is Riana 0163412483.
- Baie dankie dat ons op u hulp en ondersteuning kan staatmaak.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF